SA Media - The University of the Free State
Page: 1
Source: BEELD
Date: 31-Dec-2003
Topic: 25
Ref No: 7077
1
ID: 03045593-01
Source Page: 8

# SA gaan boet vir matriek-bedrog

## Blink uitslae verbloem donker werklikhede



**Beeld-forum**

Jonathan Jansen

In die ampstermyn van min. Kader Asmal het twee realiteite oor die seniorsertifikaateksamen na vore getree – die een triomfantlik deur politici erken, die ander een ongelukkig deur Jan Publiek oor die hoof gesien.

Die eerste realiteit is dat meer leerlinge as ooit tevore slaag, die tweede realiteit dat meer leerlinge as ooit tevore baie swak vaar.

Die feit dat meer leerlinge deurkom, is sonder twyfel goed vir die individuele leerling; dit beloof veel vir die nasionale moreel en dit bied aansienlike verligting aan ambisieuse politici kort voor die derde nasionale verkiesing waar "lewering" sonder twyfel die maatstaf van sukses sal wees vir die regering.

In die openbare waansin het die media sy sin vir integriteit verloor.

As voorbeeld die *Morning live*-onderhoud gister met Asmal: "Minister, die eksamens het sonder haakplekke verloop; wie wil u komplimenteer?" Nie 'n enkele kritiese vraag nie en dit van 'n uitsaaier wat die openbare belang moet bevorder!

Die tweede realiteit is werklik angswekkend. Die waarheid is dat dit 'n spesiale poging verg om die matriekeksamen te druip. Punte word toegeken as 'n leerling in sy tweede taal skryf; jaarpunte word toegeken sonder geskikte standaardisering; groot getalle leerlinge skryf die meeste eksamen-vakke in die standaardgraad – en verbeter sodoende hul kanse om te slaag aansienlik – en daar is ernstige vrae oor die standaard van die onlangse eksamen in belangrike vakke soos Engels (tweede taal) in die hoër graad wat daarop dui dat die maatstaf verlaag is ter wille van goeie matriekslaagsyfers.

Dit is te maklik om te slaag. Dit kan ook wees dat die verlaging van eksamenstandaarde om meer leerlinge onderaan die skaal te laat deurkom die verspotte sukses aan die bokant van die prestasieleer meebring – waar sommige leerlinge nou "matriek" skryf in 15 of meer vakke met onderskeidings in almal!

Dit is ook duidelik dat skole onder die groot politieke druk allerhande kortpaaie gekry het om uitslae te verbeter. Die verdwyning van duisende herhalers uit die nasionale skoolstelsel het die prestasiegemiddelde in skole en provinsies opgestoot; die praktyk om leerlinge in gr. 11 wat moontlik kan druip of swak kan vaar terug te hou, het verder bygedra tot die positiewe gemiddelde resultate en die toename in slaagsyfers in die standaardgraad is 'n bewys van die verwatering van matriekprestasies.

Uit dié oogpunt is die feit dat al hoe minder leerlinge die eksamen skryf iets wat alle Suid-Afrikaners moet bekommer; dit is skynheiligheid aan die kant van Asmal se ministerie van onderwys om Onderrig aan Almal uit te basuin terwyl daar in der waarheid onderrig aan 'n toenemend kleiner wordende minderheid is wat die eksamen kan skryf of toegelaat word om te skryf.

Die werklike toets vir die nasionale onderrigstelsel in 'n ontluikende ekonomie soos Suid-Afrika s'n is nie hoeveel leerlinge op skool slaag nie, maar hoeveel so goed deurkom dat hulle mededingend kan wees in die arbeidsmark en sukses kan behaal aan 'n universiteit of 'n technikon.

Hier is 'n paar onaangename waarhede. Elke werkgewer sal getuig dat die matriekeksamen nie leerlinge toerus met die nodige vernuf om aangestel te word in enige pos buiten los of roetinewerk nie. En elke registrateur aan 'n universiteit sal kla dat al hoe meer studente die horde toelatingseksamens druip wat ingestel is om kandidate vir hoër onderwys te keur, en dat die getal herhalers en uitsakkers in die eerste drie, vier jaar van voorgraadse studie nie verminder het nie ondanks die beweerde verbetering van matriekslaagsyfers.

Dit is daarom van kritieke belang dat die publiek die toename in die slaagsyfer nie gelykstel aan verbetering in die gehalte van onderrig nie.

Baie min het in die 29 000 skole in die land verander. 'n Roetinebesoek aan plattelandse skole in groot provinsies of 'n besoek aan skole in plakkerskampe sal die werklikheid agter die uitslae tuisbring. Klaskamers is steeds oorvol, onderwysers is steeds onvoorberei, daar is steierende verwarring oor die verandering van een stelsel na 'n ander.

Daar is in der waarheid laer af in die stelsel 'n baie meer outentieke weergawe van die toestand van onderrig – soos die patetiese uitslae van nasionale toetse in die primêre grade en die onlangse fiasko in die gr. 10-eksamen.

Op hierdie vlakke was daar min professionele ondersteuning of politieke inmenging – en tog gee ons voor dat die gr. 12-eksamens wonderbaarlik vergoed het vir die verrotting in grade 1 tot 11.

Suid-Afrika sal duur betaal vir hierdie bedrog.

● *Prof. Jonathan Jansen is dekaan van die fakulteit opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria.*